Die Afrikaanse skryfgids.

Riana Scheepers en Leti Kleyn (samestellers). Johannesburg: Penguin Books, 2012. 459 pp. ISBN: 978-0-14-353015-2.
DOI: http://dx.doi.org/10.4314/tvl.v50i1.12

Die wêreld is vol boeke en handleidings oor hoe om te skryf, en dwarsoor dieselfde wêreld het skryfskole, slypskole en grade in skeppende skryfwerk in hulle duisendes opgeduik.

In Afrikaans vertel *Di Patriot*-digters vroeg reeds oor die moeilikheid om ryme te soek en gedigte te maak tussen al die ander dinge wat jou aandag aftrek. Liewe Neelsie vertel kordaat in 1931 aan ons *Hoe om te skrywe* (saam met 'n akademikus, nogal) en met die oprigting van die Skryfskool by die destydse Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys word opleiding in skryf selfs 'n korporatiewe onderneming.

Daarna het 'n aantal ander universiteite gevolg, maar dikwels meer beskeie in hulle aanbieding. As aspirantskrywers hulle oë en ore oophou, is daar nog orals "slypskole" van een of ander aard waar hulle vir 'n naweek of langer aan die knieë van meesters en meesteresse kan gaan luister hoe dit nou eintlik gedoen moet word. Prosa geniet skynbaar die meeste aandag.

Intussen het die kuberruimte verdere dimensies ontsluit. "Publikasie" word hondmak en sonder risiko; plagiaat sluip sommer net so met knip en plak in. Millenia nadat die eerste wonderwerk van geskrewe manuskripte met nooit-volprese sorg geskep en bewaar is, kan ons boeke uit die lug uit gryp en met die druk van 'n knoppie weggooi. Koerante word deesdae selde by die voordeur afgelewer, maar dit kan darem nog steeds aan tafel gelees word.

Binne so 'n bestaansruimte van skryf- en leeswerk, verskyn daar 'n besondere boek, merkwaardig genoeg ook in Afrikaans uitgegee deur Penguin, sagteband en op tipiese Penguinpapier: *Die Afrikaanse skryfgids*.

Die boek, oor die 460 bladsye dik, is saamgestel deur die bekende skryfster Riana Scheepers en die meer akademiese Leti Kleyn, met bydraes van nie minder as 49 ander mense nie. Bekendes op allerhande soorte terreine, met die "geleerdes" of letterkundige akademici tot die minimum beperk: Hans du Plessis, Marthinus Beukes, Willie Burger, Bernard Odendaal en Henning Pieterse is van die name wat opduik.

Die samestellers verklaar die doel van die publikasie soos volg: "'n omvattende skryfgids wat gemik is op almal wat meer van skryfkuns, skryftegnieke en die Suid-Afrikaanse uitgewersbedryf wil weet, en om dit op 'n toeganklike manier bekend te stel. Hierdie gids bied inligting oor verskillende tipes skryfkuns, marksegmente en genres, asook praktiese wenke om 'n manuskrip af te rond vir voorlegging aan 'n uitgewershuis."

En dit is presies wat die boek dan ook doen. Soos jy kon voorspel, domineer die prosa, nie net in die formele organisasie nie (die afdelings "Stylelemente vir prosa", "Soorte prosa", "Genrefiksie" en amper die hele "Kinder- en jeugboeke"), maar ook as stewigste komponent van "Die wêreld van skryf", terwyl dit hier en daar ook in ander hoofstukke voorkom.

Soms verstaan ek nie mooi hoe die dinge georganiseerd geraak het nie. Ek sou byvoorbeeld die afdeling "Die wêreld van skryf" veel vroeër in die boek wou sien, in ieder geval beslis Willie Burger se stuk oor die onderskeiding tussen populêre fiksie en literêre fiksie voordat daar na die prosa gekyk word. Leti Kleyn se hoofstuk oor "Skryfterapie" hoort tuis by Riana Scheepers se oorkoepelende "Die skryfproses" waarmee die boek afskop, juis ook omdat dit voornemende "skrywers" daarop wys dat *skryf* belangriker kan wees as die publikasie daarvan.

Scheepers gee in die openingsafdeling nugter verslag van hoe sy kreatiwiteit sien, maak korte mette met skrywersmites en

waarsku alle voornemende skrywers oor die verskrikking van kritiek.

Jeanette Ferreira se ondervinding as uitgewersredakteur/versorger dra daartoe by dat haar twee bydraes miskien die belangrikste stukke "gesonde verstand" en nuttigheidswaarde het vir die skrywers van prosa wat uiteindelik hoop om by 'n uitgewer tereg te kom sonder om daar tereggestel te word.

Sy illustreer prakties in "Wys en vertel" (hoofstuk 2.7) hoe dieselfde storie-segment op verskillende maniere vertel kan word en wat die uitkoms sal wees (*wys* dus inderdaad!). In die afdeling "Uitgewersake" is die stuk "Manuskripte: Voorlegging en formele versorging" (11.1) presies pedanties genoeg om vir alle aspirantskrywers te help om 'n ordentlike (prosa-)manuskrip aan uitgewers te kan stuur.

Die boek is verdeel in 11 afdelings, nie altyd waterdig te skei nie, maar nuttig. Naas die gedeeltes oor die meer "tradisionele" skryfsoorte, gee *Die Afrikaanse skryfgids* aandag aan televisie en rolprente, aan illustrasies, eietydse skryfsels soos blogs, en hoe om vir die media te skryf.

Afdeling 9, "Niefiksie", sit egter ongemaklik in sy baadjie en wys hoe versigtig jy met terme moet omgaan. "Stripkuns" is sonder twyfel fiksie en in Daniël du Plessis se baie helder bydrae is daar by hom geen twyfel hieroor nie. Eweneens is "Gaming", oor die maak/skryf van rekenaarspeletjies, deur en deur iets wat tuishoort onder "fiksie".

Waarskynlik die lekkerste hoofstuk in die hele boek is Harry Kalmer se stuk oor "Kopieskryf" (9.2—nog steeds "Niefiksie") wat hy noem "Steel liewer by Sigmund Freud as by KFC". Soms raak hy net effens te vasgevang in sy neergelegde wet van kort sinne en oortree dan praktiese grammatikale reëls: kyk maar na die reeks sinne teen die einde van bl. 327 waar daar kommapunte nodig sou wees of die werkwoord op die regte plek! Maar: as daar enige iemand is wat wonder wat die reklamewêreld is en hoe jy daar kan werk (kry), is hierdie hoofstuk onontbeerlike leesstof. En so plesierig…

Die elfde afdeling, "Uitgewersake", is seker die heel nuttigste vir almal wat hulle met skryf (wil) besig hou, hoewel ek meen dat sowel hoofstuk 11.8 en 11.9 elders tuishoort.

Hierdie hoofstukke gaan in die eerste plek oor spesifieke soorte skryfsels wat op 'n bepaalde soort mark gerig is. Hoofstuk 11.8 gaan oor "Mobi-boeke", met 'n oorsigtelike bydrae deur Rhodé Odendaal oor hoe die mark lyk en dan 'n skryfhandleiding deur Fanie Viljoen rondom die opwindende *Yoza*-selfoonverhale. Marinda Botha skryf kortliks oor "Oudioboeke", maar met heelwat voorbehoud.

Ek het reeds vroeër verwys na Jeanette Ferreira se hoofstuk (11.1) oor die versorging van 'n manuskrip; net so belangrik is die bydraes wat daarop volg. Daar is twee van Wim Alberts (een oor kontrakte en 'n onopgesmukte een oor wat "intellektuele eiendom" nou eintlik is, met maklik verstaanbare voorbeelde uit hofsake), terwyl C. Johan Bakkes skryf oor wat jy met die belastinggaarder moet/kan maak. Lees dit!

Charles Malan, wat intussen te vroeg oorlede is, skryf ook oor probleme rondom kopiereg, oorspronklikheid en plagiaat (11.5), maar sou kon gehelp het met duideliker praktiese voorbeelde wat hier by ons oor die jare opgeduik het.

Omdat die oorgrote meerderheid aspirantskrywers voorlopig nog dink aan 'n boek wat deur iemand uitgegee en bemark sal word, is hoofstuk 11.10 die logiese volgende stap: "Publikasiemoontlikhede in die Afrikaanse mark". Hier kry die skrywer as leser inligting oor al die groot en klein rolspelers in die formele uitgewersmark—vreemd genoeg word Penguin self nie hier genoem nie! Partykeer is die inligting baie omvattend (spesifieke verwagtings rondom manuskripte wat voorgelê word), somtyds minder, maar goeie internetkontakinligting word telkens verskaf.

In die verbygang moet ek daarop wys dat daar deurgaans in hierdie publikasie regtig baie moeite gedoen is om relevante internetadresse en veral webwerwe te gee. Vir niemand gaan dit dus nodig wees om met 'n lang (maar o so 'n verleidelike) soektog te begin na relevante inligting in hierdie opsig nie.

Die kleiner wêreld van selfpublikasie word effens akademies en met goeie waarskuwing bekyk in hoofstuk 11.6, terwyl hoofstuk 11.7 ("Elektroniese publikasies") eintlik die slotwoord sou moes kry, ná die tradisionele uitgewers.

Rondom e-boeke is daar voorlopig geweldige meningsverskil, omdat dit die hele leeservaring self voorop plaas. Rhodé Odendaal skaar haar by diegene wat daarvan oortuig is dat dit die boekwêreld van die toekoms gaan wees en dat 'n hele geslag nuwe lesers hierdeur geskep/bereik gaan word, "lesers wat nie groot versamelings duur papierboeke kan bekostig nie, maar wel 'n bekostigbare digitale toestel waarmee hulle enige tyd en plek inligting […] kan aflaai" (415).

Of boeke (fiksie, in ieder geval) as "inligting" beskou gaan word deur 'n nuwe geslag, is natuurlik die sleutelvraag, want voorlopig lyk dit of die internet oorwegend op kitsbevrediging en klipspringery neerkom. Dit verklaar miskien ook die sukses van sekere kategorieë boeke. Odendaal se hoofstuk is 'n deeglike stuk werk, met goeie bronverwysings, en beslis iets om die skeptici aan die dink te sit. Dit verskaf 'n baie goeie oorsig van watter boeke beskikbaar is op die Afrikaanse mark, en waar.

Terwyl Odendaal se artikel gerig is op lesers, vertel Melt Myburgh in hoofstuk 8.7 aan skrywers wat hulle op die internet kan uitrig: "Verlei en bekeer met jou skryfwerk". Ook hy deel waardevolle wenke aan aspirantskrywers uit, wys op die belangrike dinge wat reeds op die internet gebeur en verduidelik die rol wat *Litnet* hier plaaslik speel. Vir diegene wat daarvan droom om roem te verwerf as 'n blogger, is hierdie hoofstuk onmisbaar prakties en nugter.

Myburgh se bydrae is een van 'n klompie uitstaandes in die afdeling "Media". Dana Snyman vertel hoe 'n *goeie* reisskrywer te werk gaan, en oor koerantrubrieke waarsku Jaco Kirsten dat die skrywer altyd moet onthou dat dit net sy eie mening is waarmee hy werk. Lizette Rabe skryf as 'n gesoute en deurwinterde joernalis en teksversorger. Sy weet waarvan sy praat en elke persoon wat daaraan dink om kopie te stuur aan 'n koerant of tydskrif, móét hierdie hoofstuk "Koffie en kopie—die meganika van die tydskrifartikel" met aandag lees. (Eintlik kan alle skrywers dit maar doen!)

Hennie Aucamp gee op sy rustige en deeglike manier 'n uiteensetting van die kenmerke van 'n resensie en verduidelik die verskil en die waarde van die essay, 'n subgenre wat by ons eintlik in die koerantjoernalistiek verdwyn het en waarvoor 'n skrywer ook nie sonder meer 'n uitgewer sal raakloop nie.

Van Hennie Aucamp gepraat: hoewel hy ook met Riana Scheepers saamgesels in die hoofstuk oor "Die kortverhaal" (3.1), kom hy nie aan die woord oor die kabaret nie. Trouens, niks word oor die kabaret as genre geskryf nie: dit is 'n nogal vreemde afwesigheid in die boek en is duidelik 'n fout wat reggestel moet word.

Hoe oorheersend die plek van prosa is wanneer daar aan 'n skryfgids gedink word, is baie duidelik uit die sewende afdeling, "Drama, TV & Film". Die hele kaboedel (waar kabaret natuurlik tuishoort) word in net 60 bladsye afgehandel, en dit sluit Karen Meiring se hoofstuk oor die kunstefeeste in—'n betroubare handleiding vir enige iemand wat 'n optreegaatjie soek by die norring kunste- en ander feeste wat ons deesdae omsingel.

Drie van die nege hoofstukke in Afdeling 7 is besonder nuttig, in die direkte sin van die woord. Twee van hulle kom van gesoute

mense wat sonder doekies omdraai presies verduidelik waarna daar gesoek word, én wys hoe dit werk: "Onthou ons werk met drama", deur Hennie Human (oor televisiedramas) en Margot Luyt se "Teater van die gedagte" oor die wêreld van die radiodrama. Marike Bekker se bydrae oor dokumentêre televisieprogramme, "As die posman die hond byt", bevat presies die soort dinge wat 'n mens in so 'n skryfgids wil sien. Saartjie Botha skryf vermaaklik maar nogal akademies rondom "Die evangelie van die verhoog", en Margaret Goldsmid se inleiding tot die skryf van draaiboeke (7.8) verskaf goeie agtergrond. Johann Potgieter sou eintlik saam met haar 'n enkele hoofstuk kon gelewer het, want as hy dit het oor "Van boek tot draaiboek" praat hulle oor dieselfde ding.

Afdeling ses heet kort en bondig "Poësie". Skryfhandleidings rondom poësie is seker die moeilikste ding om aan te pak, waarskynlik as gevolg van die aard van die genre. So is dit byvoorbeeld maklik om die digvorme te identifiseer. Marthinus Beukes doen dit baie tegnies in 6.4, "Die digvorm as alkantbyl kap veelkantig", maar laat dan na om te probeer verduidelik hoekom 'n betrokke voorbeeld geslaagd is as poësie. En wat het van die verskillende soorte ballades geword?

Hoewel Bernard Odendaal se stuk wat hierna volg, "Die ontdekking van die wit", oor die spanning tussen vrye vers en die geykte vorme moet gaan, kom daar nie veel uit die verf wat begeesterde voortdigters sou kon help nie. Leti Kleyn, daarenteen, illustreer plesierig akademies hoe konkrete poësie daar kan uitsien (6.6) en nooi lesers dan uit om self sommer met 'n skêr aan die werk te spring, maar met die waarskuwing: "Jy sal moet uithaal en wys om stof in die meesters se oë te skop."

Henning Pieterse se baie interessante en insiggewende hoofstuk oor die vertaling van poësie sou ek met gemak uit 'n skryfgids van hierdie aard gelaat het, aangesien vertaling van gedigte anderkant die eerste skryf lê. Prosavertalings is iets anders, want daar is die funksie van die vertaling om verhale toeganklik te maak—"In diens van die leser" noem Sophia Kapp dit in haar hoofstuk hieroor. Poësievertaling, lyk dit my, is in diens van die gedig en die letterkunde.

Die eerste drie hoofstukke oor die poësie is van Hans du Plessis ("Kom ons skryf 'n gedig", "Algemene inleiding tot die skryf van poësie" deur Louis Esterhuizen en Gilbert Gibson se "Die gedig as Laingsburg". Die aanslag verskil, maar daar is egter soveel oorvleueling dat die samestellers tog maar op een moes besluit het. Maar ek sou nie daardie keuse wou maak nie! Vir nuwe digters sou Louis se voorbeeld van hoe 'n gedig moontlik sou kon ontstaan, seker die interessantste wees.

Elke San Rap en haar maat glo mos dat hulle lirieke kan skryf. Andries Bezuidenhout skryf redelik formeel daaroor in "Om woorde vir musiek te komponeer", maar maak nie van die geleentheid gebruik om te wys hoe lyk slegte lirieke nie. Hier, meer as enige ander plek in die boek, sou jy maklik kon wys hoe om iets nié te doen nie!

As 'n pakkie is die afdeling oor kinder- en jeugboeke myns insiens die heel beste, dalk omdat elkeen van die vyf hoofstukke oorloop van entoesiasme en volgepak is met wenke aan voornemende skrywers of illustreerders. Jaco Jacobs identifiseer in "Jy mag selfs op die bed spring as jy wil" teikengroepe en noem enkele titels by elk, en Philip de Vos wil rondom kinderverse weet (ook met 'n klompie voorbeelde): "Waarom moet sonnette dan al die aandag kry?" Hiermee wys hy daarop dat die suksesvolle gedig vir kinders net soveel werk vra as die slyp van iets soos die sonnet. Fanie Viljoen meen jeugverhale "is 'n steekse donkie om op te saal": enersyds moet jy die tieners nie verveel met preke nie of hulle probeer kierang nie, maar andersyds het ouers ook sekere verwagtings wat jy nie kan ignoreer nie—dis natuurlik nou as ouers (nog kan)

lees. Hy verskaf ook 'n kort lysie webwerwe vir nuuskieriges.

Beide Piet Grobler en Marjorie van Heerden is as illustreerders vaklui van formaat en skryf lekker toeganklik. In "Daai deurmekaar, ongepoetste tuin" gee Van Heerden 'n lys van twaalf illustreerders by wie aspirante kan gaan afloer, en praktiese wenke om mee te werk. Sy word goed aangevul deur Grobler, wat 'n klomp handige dinge uiteensit oor wat om te doen as jy besluit om te teken en wil weet hoe om jouself te bemark. Hy verskaf ook 'n paar boeke waarna die aspirante kan kyk.

En daarmee kom die resensie uiteindelik uit by die eerste kwart van *Die Afrikaanse Skryfgids* waar daar na die prosa gekyk word. En dan word die verskil tussen die hantering van prosa en die ander skryfsoorte werklik opvallend. Daar is drie afdelings: "Stylelemente vir prosa", "Soorte prosa" en "Genrefiksie".

Chanette Paul is die uitverkorene om oorkoepelend te gesels oor stylelemente, die tradisionele dinge soos karakterisering en dialoog, tyd, ruimte en gebeure en die effens meer abstrakte probleem van fokalisering en perspektief. Die keuse om haar te gebruik, is riskant. Haar eie werk is nogal populêr van inslag, en dit beteken dat haar raad hierby aansluit. Daar is baie veralgemenings waarmee ek nie sommer sou saamstem nie, en wat daartoe bydra dat voornemende skrywers beslis "veilig" voorgelig word. En nogal selfversekerd ook, sodat sy selfs van "sonde" kan praat. Daar is eenvoudig te veel reëls in haar boekie. Kyk maar hoe gemaklik sy sekere vertelperspektiewe afmaak (29–32) en veral ook watter stellighede rondom dialoog verkondig word. Daar is immers altyd plek en ruimte vir enige vorm van dialoog; hoe kan sy sommer besluit: "Wil die leser werklik hierdie gesanik oor onbenullighede lees? Dit is vervelig, niksseggend […]" (50).

Paul skryf wel entoesiaties en gemaklik, maar ek is oortuig dat vir 'n boek van hierdie aard 'n meer genuaseerde verteller en leermeester vir so 'n kernafdeling nodig was. Gelukkig bring Jeanette Ferreira se hoofstuk waarna ek aan die begin verwys het, 'n korrektief.

Afdeling 3, "Soorte Prosa", is 'n verkenning van die aard van kortverhale en ander korter prosatekste, die roman en 'n vlugtige kyk na "Vertaling van prosa", laasgenoemde deur Sophia Kapp. 'n Mens kan verwag dat wanneer Hennie Aucamp oor die kortverhaal saamgesels, dit die nodige pitkos sal hê vir die ernstiger beginner. Riana Scheepers gee 'n oorsig oor die ander soorte kortkuns waarvan skrywers behoort te weet.

Irma Joubert se hoofstuk oor die roman "Mik vir 'n treffer" is waarskynlik die beste van die prosa-afdeling van die boek. Sy raak nie pedanties nie, selfs in haar preekgedeelte, en gee baie praktiese raad aan skrywers oor die organisasie van die skryfproses.

In die vierde afdeling oor die verskillende tematiese fiksiegenres, kom Paul baie meer tot haar reg in die hoofstuk oor romantiese ontspanningsfiksie waar die resepmatige dinge beter werk. Haar hoofstuk is ook die langste van die agt temas wat bekyk word. Haar onderskeid tussen die romanse en die liefdesroman word dan nog aangevul met die eietydse *chick-lit* en haar horde *lit*-sussies waaroor Sophie Kapp vertel (en sommer vir die lekker 'n klompie webwerwe saamgee).

Die internet is natuurlik ook 'n bron van inligting vir enige skrywer wat navorsing wil doen voordat hy/sy begin met 'n ding. Dit is opvallend hoe bykans almal wat oor die temagenres skryf, die belangrikheid van deeglike navorsing voorop plaas en persoonlike ervaring of verkenning van die verbeelding benadruk. Dit maak nie saak of dit misdaadfiksie is nie (Piet Steyn skryf daaroor) of wetenskapsfiksie waaroor Leon van Nierop op sy nimlike manier verslag doen nie. Selfs die fantasie bly geanker aan werklikheidselemente, waarsku Leon de Villiers. En, vanselfsprekend, noem Lien Roux-de Jager haar

hoofstuk oor die historiese roman "Google in die verlede rond vir die lekkerste stories."

Daar is geen twyfel daaroor dat *Die Afrikaanse Skryfgids* 'n belangrike leemte gaan vul nie, veral vir diegene wat nie sonder meer kan inval by die georganiseerde wêreld van skryf waarna daar in afdeling 10 gekyk is nie. Dis nie 'n resepteboek wat sukses waarborg nie, maar 'n sleutel waarmee baie deure vir aspirantskrywers oopgesluit kan word om hulle te help om te verstaan dat die besluit om iets te probeer skryf ligtelik geneem kan word, maar dat daarna baie harde werk op jou wag.

Fanie Olivier
olivierf@mweb.co.za
Universiteit van KwaZulu-Natal
Durban